

Inhoud. Hierdie preek wys wat is die verskil tussen die openbare geloofsbelydenis van die Christelike Kerk en die geestelike selfvertellings van die moderne Christelikheid. Die getuienis en openbare belydenis van geloof in die Christelike Kerk gaan oor wie Jesus Christus is en wat Hy doen. Geestelike selfvertellings gaan oor wie mense is en wat hulle doen. Hierdie selfvertellings noem Paulus “dwaasheid”, dit is, godsdienstige nonsens. In Handeling 2 kry ons die eerste openbare getuienis en geloofsbelydenis van die apostels in die preek wat Petrus op Pinksterdag gehou het. Dit staan in direkte kontras met die geestelike nonsens wat Paulus met sarkasme uitwys in 2 Korintiërs 11 en 12. Ons bely ons geloof in die regte liefde van God vir sondears. Geestelike vertellings skep die valsheid dat mense ’n liefde voorhou en voorleef wat nie bestaan nie.

Skriflesing Handeling 2: 22- 39; 2 Korintiërs 11:21- 12: 9b; Rom. 8: 31 – 39.

Teks 2 Kor. 12: 9 b: “Daarom sal ek liever oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees.”

Tema Ons roem in ons swakhede omdat Christus ons beskutting is

1. Ons het die voorreg dat 8 jongmense vanoggend in die erediens openbare belydenis van geloof aflê: Anesha de Jongh, Step-mari de Lange, Ernst Kruger, Tamelyn Laurence, Adriaan Steenkamp, Reghardt Steyn Ruan van Tonder en Rodney Wessels.

’n Openbare belydenis oor wie en wat? Dit is die geloofsonderskeiding wat bepaal wat ons vanoggend hier saam doen! ’n Geloofsbelydenis oor wie? ’n Geloofsbelydenis oor wat?

Moet hulle as jongmense vanoggend oor wie hulle is en wat hulle gedoen het hier voor ons ’n openbare belydenis doen of moet hulle ’n geloofsbelydenis doen oor wie Jesus Christus is en wat Jesus Christus gedoen het?

2. Daarom noem ons dit wat ons as gemeente van hulle vra juis “’n geloofsbelydenis.” Dit is ’n openbare geloofsbelydenis in Jesus Christus. Dit is ’n geloofsbelydenis oor wie Jesus as Here en Christus is en wat Jesus Christus vir hulle gedoen het.

Hulle mag nie vanoggend in ons teenwoordigheid ’n geloofsbelydenis kom doen oor wie hulle is of wat hulle vir God gedoen het nie.

Dit sien ons duidelik oor wat die Woord van God openbaar oor wat 1. is ’n openbare geloofsbelydenis en 2. wat is en mag ’n openbare geloofsbelydenis nooit wees nie. Hierdie verskil oor wat dit is en nie mag wees nie, is die kontras tussen Handeling 2

Ons roem in ons swakhede omdat Christus ons beskutting is

se weergawe van die eerste getuienis van die Christelike Kerk – die eerste preek van die Christelike Kerk en Paulus se uitwys van die dwaasheid van valse apostels se openbare vertellings in hulle prediking in 2 Korintiërs 11 en 12.

3. Hoe klink regte bekeringsprediking? Christelike bekeringsprediking! Dit hoor ons mos in die eersste bekeringspreek van die Christelike Kerk in Handeling 2. Direk na hierdie preek vra die Jode vir Petrus “wat moet ons doen, broers?” en op hierdie vraag antwoord Petrus dan “Bekeer julle”. (Handeling 2: 37,39) So hierdie is mos dan die heel eerste bekeringspreek wat die apostels gepreek het na die hemelvaart van Christus! So moet preke en getuienisse lyk as dit oor die Christelike bekering gaan!

Dit klink só!

1. Jesus Christus wat gewoon mens is, het deur sy kragtige magdsade openbaar dat Hy self ook God die Skepper is.
2. Jesus Christus het in ons plek vir ons sondes gely, is gekruisig, het gesterf, opgestaan uit die dood, opgevaar na hemel en sit nou vandag aan die regterhand van God as Here en Christus.
3. Hy gee aan ons die Heilige Gees wat ons insluit in alles wat Christus vir ons gedoen het, sodat dit ons deel daarin om so heilig en regverdig te wees. (Lukas 1: 75)

En daar is die hele bekeringspreek klaar gepreek!

4. Wie van u het al so 'n tipe bekeringspreek in die NG Kerk of enige ander plek gehoor? 'n Getuienis oor wat Jesus Christus alles gedoen het in ons plek vir ons en wie Hy vandag vir ons is, en dan is die klaar!

Niks oor die prediker se lewe nie!

Nie hoe sleg hy was, hoe hy opgehou het om sleg te wees en hoe hy nou goed doen nie. As daar nou een persoon was wat so 'n tipe getuienis kon lewer dan was dit juis Petrus! Hy kon vertel het hoe hy persoonlik die Here verloën het, hoe hy jammer was en gehuil het oor hy die Here verloën het, hoe hy toe sy lewe omgekeer het en Jesus begin volg het. Maar in hierdie getuienis van Petrus in Handeling 2 is daar niks van hierdie soort selfvertellings nie. Hy vertel niks van sy eie geestelikheid nie. Hy getuig net oor wie Jesus is en wat Jesus gedoen het.

Niks oor die mense voor hom se lewens nie!

Petrus kon maklik vir die Jode voor hom vertel het hoe skynheilig hulle is, hoe sleg hulle is, hoe hulle probeer voorgee dat hulle goed en reg is. Hy kon maklik vir hulle gepreek het hoe hulle hulle lewe moet verander, watter beloftes hulle vir die Here

Ons roem in ons swakhede omdat Christus ons beskutting is

moes maak, watter nuwe ondernemings, “commitments”, hulle moes maak sodat God vir hulle goed en lief sal word.

Maar niks van wat ons elke dag as bekeringspreke hoor is in hierdie eerste bekeringspreek van die apostels nie. Alles is net 'n getuienis oor wie Jesus is en wat hy doen. Daar is geen vertelling oor wie mense is en wat mense doen nie.

5. Die Jode het Petrus se preek reg gehoor en reg vertaan. Dit wys in hierdie vraag wat hulle aan die apostels vra: “Wat moet ons doen, broers?” Hulle het gehoor dat alles wat Jesus gedoen het 'n einde gemaak het aan dit waarmee hulle besig was en dit wie Jesus is 'n einde maak aan wie hulle as Jode is.

Daarom vra hulle hierdie vraag, want hulle het na hulle alles gehoor het wat Jesus vir hulle gedoen het en wie Hy nou vandag vir hulle is, nie meer 'n idee wat hulle moet doen en wie hulle moet wees nie.

Ons as kerkraad het dit wat die Jode hier in die eerste getuienis van die Christelike Kerk deur die apostels gehoor het, die afgelope jaar vir hierdie agt jongmense geleer.

Ons het vir hulle die getuienis gelewer oor wie is Jesus vandag!

Vandag is Hy nog steeds 'n mens van vleis en bloed in die hemel soos mense van vleis en bloed op aarde is terwyl Hy met sy magtige wondertekens gewys het dat Hy vandag ook self die Skepper van die heelal is.

Vandag is Hy Christus en Here! Deur die krag van die Heilige Gees wat Hy aan ons gee sluit Hy ons in by wie Hy as mens in ons plek was en vandag is sodat ons alles wie Hy vir ons is met Hom deel.

Ons het vir hulle die getuienis gelewer wat Jesus Christus doen!

- Hy het in jou plek die vernedering gely om vir jou sonde aangekla en veroordeel te word, sodat jy altyd net deur God as sy kind verheerlik sal word.
- Hy is vir jou sondes aan die kruis vervloek sodat jy altyd net in die seën van God se goedheid sal leef.
- Hy is in jou plek met die dood van 'n sondaar gestraf sodat jy altyd in die beloning van wat Hy met sy lewe verdien het sal leef.
- Hy is jou plek as vyand van God begrawe sodat jy altyd net in die vriendskap van God sal leef.
- Hy het in jou plek God se verwerping (ter helle neergedaal) ontvang sodat jy altyd binne jou aanneming as God se kind kan leef.
- Hy het vir jou uit die dood opgestaan om altyd in jou plek die mens vir God te wees wat jy nie self vir God kan of meer hoef te wees nie.

Ons roem in ons swakhede omdat Christus ons beskutting is

6. Verstaan u die verslaenheid van hierdie vraag van die Jode. “Wat moet ons doen, broers”?

Want wat Petrus vir hulle verkondig het oor wie Jesus is en wat Hy doen, weet hulle nie meer wat hulle moet doen nie. Hulle was altyd so besig om alles te doen om deel van God se verheerliking, seën, beloning, vriendskap en lief te wees deur wie hulle vir Hom is en wat hulle vir Hom doen, en nou kom Jesus en sluit hulle daarby in deur wat Hy vir hulle is en doen: Here en Christus.

Hulle het Petrus reg gehoor dat Christus met alles wie Hy is en alles wat Hy doen, 'n einde gemaak het aan alles wie hulle wou wees en doen vir God.

7. Hierdie verslaenheid van die Jode, is nie net verslaenheid gewees nie. Dit was ook die drif en gewels van 'n nuwe geslag bekeringspredikers wat al reeds in Paulus se leeftyd as sy teenstanders opgetree het. Uit sy ander briewe weet ons dat dit bekeerlinge uit die Jodedom tot die Christendom was wat die evangelie verdraai het om net weer en nog 'n keer 'n nuwe variasie van die wettiese godsdiens van die Jode te wees.

Daarom noem hy hulle in 2 Kor. 2: 11 en 12 “valse apostels wat 'n ander evangelie verkondig as wat hy oor Jesus Christus verkondig. Uit hierdie twee hoofstukke sien ons wat was hierdie sogenaamde nuwe evangelie wat hulle teenoor die evangelie wat Paulus verkondig het, voorgehou het.

Dit is niks anders nie as die tipe bekeringsprediking waaraan ons al gewoon geraak het in die NG Kerk. Paulus noem dit in 2 Korintiërs 11 en 12 “dwaasheid”, dit beteken afgodsdiens of godsdienstige nonsens. In hierdie 2 hoofstukke wys Paulus dat hy net soveel godsdienstige nonsens kan praat as die tipe bekeringspredikers wat hy “valse apostels” noem. (2 Kor.11:13)

8. Hy is in hierdie twee hoofstukke sarkasties. Hy noem hulle vertellings oor hulle geestelike lewe “grootpraat” en “roem” (11:12 en 16) Hy aap hulle geestelike nonsens na deur te wys 'n mens mag nie vertellings van jou eie geestelike lewe voorhou as 'n getuienis oor God nie. Eers vertel hy sarkasties dat hy ook net soos hulle kan praat oor wie hy geestelik is. Net soos hulle kan hy vertel hoe bekeerd, vroom, opreg en toegewyd aan God hy is. (n Hebreër, 'n Israeliet en afstammeling van Abraham)

Dan vertel hy wat hy alles vir Jesus gedoen het: hy het harder vir Jesus gewerk, gely en swaargekry as hierdie bekeringspredikers. Hy het meer visioene van God as al hierdie bekeringspredikers gehad. (12:1-5) Paulus wys dat om so oor jou eie geestelike lewe te praat, soos hy dit sarkasties nagedoen het, is nonsens.

Ons roem in ons swakhede omdat Christus ons beskutting is

Want jy hou jouself voor, wie jy is en wat jy doen: ek het bekeer, ek is wedergebore, ek is geesvervuld, ek het my aan die Here oorgegee. Hierdie selfvertellings is nie getuienis of openbare belydenis van geloof nie. Dit is godsdienstige nonsens want daardeur word 'n ander Jesus verkondig as die Christus. (11:4)

Hierdie ander Jesus wys jou jy moet net so geestelik wees soos hulle wat vir jou stories oor hulle geestelike lewe vertel. Getuienis en belydenis is om te vertel wie is Christus en wat doen Hy.

9. Hierdie drif en gewels van die bekeringspredikers in die gemeente Korinte was die verslaenheid van die Jode by die tempel na hulle Petrus se openbare verkondiging en getuienis oor Jesus Christus gehoor het.

Alles waarmee hulle besig was is voor hierdie Jesus wat Here en Christus is, nonsens. Alles wie hulle probeer wees, het en probeer doen het vir God is nou godsdienstige nonsens.

Daarom die vraag: "wat moet ons nou doen, broers?" waarop Petrus hulle dan antwoord: "Bekeer julle." Hierdie bekering gaan oor wie Jesus is en wat Hy doen om ons heilig en regverdig vir God te maak. Die bekeringsoproep van die Christelike Kerk is om weg te draai van al hulle vorige jammerwees, goedwees, liefwees en ondergeskik aan God wees, en hulle na Christus toe te draai! Die Christelike bekering is om te glo in wie Jesus as Here is en wat Hy as Here vir jou doen.

Bekering tot Christus is om weg te draai van wie jy vir God probeer wees en wat jy vir God probeer doen, en jou te keer tot wie Christus vir jou is en wat Hy vir jou doen. Hierdie bekering waartoe Petrus hulle oproep is geloof in Jesus Christus. In geloof in wie Hy is en wat Hy vir ons dien, keer ons weg van wie ons vir god probeer wees en doen.

10. Is dit nou regtig so belangrik dat ons hierdie onderskeid moet maak en ken? Die onderskeid tussen die verkondiging en openbare belydenis van wie Jesus Christus is en wat hy doen teenoor die vertellings van mense oor wie en wat hulle vir God is as godsdienstige nonsens?

Dit is wesenlik van belang want dit gaan oor die onderskeid tussen werklike liefde en gewaande skynliefde wat nooit liefde kan wees nie. Die verskil tussen om te bely wie Christus is en wat Hy doen, en die geestelike vertellings van mense oor wie hulle is en wat hulle doen, gaan oor liefde.

Ons belydenis oor Christus is 'n belydenis oor God se liefde vir ons, waarvan niks ons ooit weer kan skei nie. (Rom.8:38,39) Ons vertrou deur sy lyding vir ons sonde, verheerlik God ons as sy kinders; Ons vertrou deur sy kruisiging is Hy vervloek sodat God ons altyd net seën; Ons vertrou dat deur sy sterwe Hy ons straf gekry het sodat

Ons roem in ons swakhede omdat Christus ons beskutting is

ons altyd beloon word vir sy goeie lewe; Ons vertrou dat deur sy verwerping God ons vir altyd in sy liefde aangeneem het; deur sy opstanding is Hy in ons plek vir ons wie ons nooit self meer vir God hoef te wees nie. Wie Christus is en wat Hy vir en met ons doen, is die werklike liefde van God vir ons wat ons openbaar bely.

11. Die liefdesverklarings wat bekeringspredikers mense teenoor God laat aflê, is 'n skuldstrik.

Hulle wil met hulle vertellings oor hulself jou in die skuldstrik vasvang dat jy jou eie liefdesdade en oorgawes vir God openlik moet verklaar as die persoonlike verbintenis tussen jou en God. So moet jy dan 'n liefde vir God voorleef en voorhou wat nooit werklike liefde is nie. (1 Joh.4:10) Jy moet dan openlik verklaar hoe eg, opreg, en volledig jou bekering, jou oorgawe, jou gebede, jou geesvervuldheid, jou liefde vir God is, terwyl jy self weet jy het God nie so lief soos jy sê nie. Maar dit mag jy nie meer sê nie.

Dit is die diepte van hierdie skuldstrik: jy moet 'n liefde met God voorhou en voorleef wat jy weet nie werklik is nie.

Hierdie jongmense kon in hierdie jaar soos feitlik die meeste jongmense wat in die NG Kerk belydenis doen, in hierdie skuldstrik verstrengel geraak het. Aan die begin van elke kategetiese kursus gee ons die jongmense met 'n vraelys geleentheid om hulle eie oortuigings oor hoe ons gered en vergewe word, hoe God ons aanneem en hemel toe vat.

Hierdie vrae klink soos volg: Wat moet ons doen sodat God ons sondes vergewe?
Wat moet 'n mens doen sodat jy 'n kind van God wórd?
Wat moet 'n mens doen sodat jy Hemel toe te gáán?

Die moontlike antwoorde klink soos volg. Jy moet om vergifnis vra; Jy moet sê dat jy jammer is; Jy moet berou hê oor jou sonde; Jy moet beloop om dit nie weer te doen nie; Jy moet probeer om dit nie weer te doen nie; Jy moet volgens die Here se wil leef; Jy moet volgens die Tien gebooie leef; Jy moet probeer om die Here lief te hê; Jy moet die Here liefhê; Jy moet Jesus in jou lewe innooi; Jy moet God in jou lewe innooi; Jy moet jou hart vir die Here gee; Jy moet God aanneem; Jy moet Jesus aanneem; Jy moet die beheer van jou lewe vir Jesus gee; Jy moet gereeld bid; Jy moet anders lewe.

Alles vrae en antwoorde waarin hulle moet onderneem wie hulle vir God sal wees en wat hulle vir God sal doen. Op al hierdie vrae het hulle elke keer positief geantwoord. Hulle wil hierdie “commitment”, ondernemings teenoor God, maak so asof dit is wat ons in die kategetiese vir hulle gaan leer.

Ons roem in ons swakhede omdat Christus ons beskutting is

12. Kan u die fyn maar dodelike skuldstrik raaksien wat met hierdie vrae vir die kinders gestel word?

As ek of die kerkraad hulle sover kan kry om te sê hulle moet en het al hierdie goed vir God gedoen, en dat hulle daarom nou reg is om openbare belydenis van geloof af te lê, het ons vir hulle in 'n lewenslange skuldstrik vasgevang.

Want dan moet hulle met hulle openbare belydenis hierdie valse liefde as die hulle ware liefde kom verklaar. Want om voor te gee dat jy al hierdie goed kan doen om God se liefde en vergifnis te ontvang, is valse liefdesverklaring. Niemand kan dit so doen nie.

Maar as hulle voor almal hierdie verklaring laat kom aflê, dan sal hulle innerlik hulle hele lewe lank met die skuld moet leef dat hulle hierdie liefde wat nooit kan werk, nooit regtig kan wees nie en nooit so geleef kan word nie, onderneem het, en moet voorgee dat hulle dit regkry en by hulle liefdesverklaring teenoor God bly. Lewenslank verbind tot 'n liefdesonderneming wat volgens die Bybel nooit kan werk nie, maar wat jy moet voorleef en voorhou omdat jy dit voor almal verklaar en belooft het.

Hierdie is die skuldstrik waarin duisende jongmense in die NG Kerk met hulle openbare belydenis vasgevang word – lewenslank.

Ek het een keer 'n finalejaarskatkisant gehad. Ek was sy derde poging wat hy die finalejaarsklas probeer het. Toe hy hierdie vrae moes antwoord het, het hy al hierdie ondernemings gemaak oor hoe hy homself vir God se liefde moet reg kry. Hy was toe weer in die skuldstrik. Na ek hulle gewys het dat die evangelie gaan oor wat die Here vir ons doen en wie Hy vir ons is, en dat ons daardeur vir God heilig en reg is sonder enige iets wat ons ver God doen, het hy sy verligting dankbaar gewys. Toe ek hom vra hoekom antwoord hy hierdie vrae asof hy dit gaan doen, al weet hy hy kan dit nie doen nie, was sy antwoord: "Ek het al twee keer probeer om dit alles te doen, maar dit werk nie vir my nie. Ek het gedink ek moet maar nog 'n derde keer by dominee dit kom doen, miskien werk dit die keer."

13. Ons het vir hierdie jongmense 'n ander geloofsbelydenis deur die jaar geleer wat hulle vanoggend hier kom aflê. In Paulus se woorde klink hierdie geloofsbelydenis só:

"Daarom sal ek liever oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees."

Hulle het die evangelie gehoor dat Christus se krag hulle beskutting is! Daarom hoef hulle nie voor te gee wie hulle nooit kan wees en probeer doen wat hulle nooit sal kan regkry nie. Hulle kan in hulle swakhede roem: ek kan nie, ek is te swak.

Ons roem in ons swakhede omdat Christus ons beskutting is

Soos die Here die eis ons Hom moet dien, eer, liefhê, hoe ons moet bid en bekeer, ons kan nie. Ons kan dit nie doen nie. Ons is te swak daarvoor. Daarom kan ons ook nie kom verklarings aflê hoe het ons en hoe gaan ons die Here liefhê nie. Ons kan nie roem in wie ons is en wat ons vir God gaan doen nie. Ons kan net in die swakheid roem, ek kan nie Here.

En dit is die eerste deel van hulle openbare geloofsbelydenis: “ons kan nie hierdie verklarings kom kan nie. Ons is te swak om sulke ondernemings teenoor God af te lê.”

Ons is hier om te getuig dat Christus is ons beskutting. Ons het kom bely wie Christus vir ons is en wat Hy vir ons doen. Dit is hoe hulle tot bekring gekom het: hulle het weggekeer van die krag waarin hulle vir God reg wil wees en reg wil leef tot Christus wat hulle beskutting is omdat hulle dit nie kan regkry nie.

Hy is heilig in my plek en laat my deel in sy heiligheid sodat ek nooit myself moet heilig maak nie. Daarvoor is ek te swak. Hy is so my beskutting. Hy is reg vir God en het reg vir God geleef en is in my plek gestraf as die onregverdige sodat ek vir God reg is in my eenheid met Christus. Om self reg te wees en te leef, daarvoor is ek te swak. Hy is my beskutting om my vir Hom reg te laat wees. Hy het God reg liefgehad soos dit moet. My swakheid is dat ek God nie regtig so kan liefhê nie. Daarom is Hy my beskutting deurdat sy liefde vir God my toegereken word.

Hy is my beskutting, alles wie Hy is en wat Hy doen, is myne. Ek is te swak, alles wat myne is, is Syne.

Daarom mag hierdie jongmense vanoggend hulle geloof in Jesus Christus openbaar bely. Wie van hierdie jongmense gaan vanoggend skynheilig en oneerlik wees wanneer hulle vir en voor u openlik bely:

“Ek weet wie is Jesus Christus. Ek weet wat het Hy gedoen en ek vertrou Hy hou my in sy liefde vas.”

Nie een nie.

Omdat hulle hulle geloof só kom bely en nie verklarings en ondernemings teenoor God kom maak oor wie hulle is en gaan wees, oor wat hulle vir God doen en gaan doen nie, mag hulle hulle geloof in Jesus Christus kom bely. Hulle weet wie is hulle beskutting en hulle ken hulle eie swakheid.